

WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE  
WESTERN CAPE CULTURAL COMMISSION  
IKHOMISHONI YENKCUBEKO YENTSHONA KOLONI



**2002 – 2003  
JAARVERSLAG  
ANNUAL REPORT  
INGXELO YONYAKA**

**ISBN 0-621-34577-6**

Buitebladfoto's kloksgewys: (a) 'n Jong danser word touwys gemaak deur Manie Irving tydens 'n opleidingsprogram van die Kaapstadballet. (b) Deelnemers aan die Kaapse Klopse Karnaval op Tweede Nuwejaar. (c) 'n Jong musikant konsentreer tydens 'n opleidingsessie van Kaapstadse Filharmoniese Orkes. (d) Die Maleier Koorkompetisie is een van die hoogtepunte op die kultuurkalender van die Wes-Kaap. (e) 'n Massa-optrede in die Goeie Hoop Sentrum deur die Kaapstadse Filharmoniese Orkes.

This publication is also available in English.

Olu shicilelo luyafumaneka nangesiXhosa.

Gedrukte eksemplare van hierdie publikasie is verkrygbaar van:

Die Rekenpligtige Beampte  
Wes-Kaapse Kultuurkommissie  
Privaatsak X9067  
KAAPSTAD  
8000

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is ook beskikbaar by  
<http://www.westerncape.gov.za/culture>

# INHOUDSOPGAWE

## BLADSY

	VOORLEGGING VAN DIE JAARVERSLAG AAN DIE MINISTER	4
	VOORSITTERSREDE	5
	VISIE EN MISSIE	6
<b>1</b>	<b>ALGEMENE INLIGTING</b>	<b>7</b>
1.1	INLEIDING	7
1.2	SAMESTELLING VAN DIE KULTUURKOMMISSIE	7
1.3	GRONDWETLIKE BEVOEGDHEID EN WETGEWENDE MANDAAT	7
1.4	BEVOEGDHEDE EN FUNKSIES VAN DIE KULTUURKOMMISSIE	8
<b>2</b>	<b>RAAMWERK VIR MENSLIKE HULPBRONNE</b>	<b>9</b>
2.1	ORGANISATORIESE STRUKTUUR	9
2.2	VERGADERINGS VAN DIE KULTUURKOMMISSIE EN KOMITEES	10
2.3	UITVOERING VAN PLIGTE	10
2.4	BELEIDSONTWIKKELINGS	10
<b>3</b>	<b>PROGRAMPRESTASIE</b>	<b>11</b>
3.1	REGISTRASIE EN DE-REGISTRASIE VAN KULTUURRADE	11
3.2	BYSTAND AAN GEREGISTREERDE KULTUURRADE	12
3.3	BEHEER, BESTUUR EN INSTANDHOUDING VAN GERIEWE EN AANBEVOLE TARIWE	12
3.3.1	Die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van fasiliteite	12
3.3.2	Besetting van fasiliteite	14
3.3.3	Oordrag van fasiliteite ingevolge grondwetlike bepalings vanaf die nasionale na die provinsiale regering	16
3.3.4	Huurtariewe vir fasiliteite	16
3.3.5	Bemarking	16
3.4	DIE BEWARING, BEVORDERING EN ONTWIKKELING VAN KULTUUR IN DIE WES-KAAP	16
3.4.1	<i>Ad hoc</i> toelaes	17
3.4.2	Jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes	17
3.4.3	Professionele kunste-organisasies	19
3.4.4	Die benutting van die HOP-gemeenskapsentra vir kuns- en kultuur	20
3.4.5	Ander projekte wat verband hou met die uitvoerende, visuele en literêre kunste, natuur- en geesteswetenskappe, kultuurhistoriese terreine en die jeug se kulturele bewustheid en betrokkenheid	21
3.5	SKENKERFONDSE ONTVANG VIR DIE RESTOURASIE VAN GENADENDAL	22
3.6	ANDER FUNKSIES	24
3.6.1	Komitee vir Geografiese Name	24
3.6.2	Ander geleenthede	25
<b>4</b>	<b>FINANSIËLE VERSLAG EN GEOUDITEERDE STATE</b>	<b>26</b>
<b>5</b>	<b>SAMEVATTING EN UITDAGINGS</b>	<b>37</b>
	BYLAES	38

# VOORLEGGING VAN DIE JAARVERSLAG AAN DIE MINISTER

Mnr. Patrick McKenzie

**WES-KAAPSE MINISTER VAN KULTUURSAKE, SPORT EN ONTSPANNING**

Kragtens artikel 55(1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en die betrokke Regulasies van die Nasionale Tesourie, lê ek hiermee die jaarverslag oor die aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en die geouditeerde finansiële state vir die 2002/2003 finansiële jaar voor.

Let asseblief daarop dat, kragtens artikel 65(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, u die verslag teen 31 Augustus 2003 in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement ter tafel moet lê. Indien u nie in staat is om dit te doen nie, word vereis dat u, kragtens artikel 65(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, 'n geskrewe verduideliking aan die Wes-Kaapse Parlement voorlê binne ses maande vanaf die einde van die betrokke finansiële jaar, d.i. teen 30 September 2003.



**REKENPLIGTIGE BEAMPTE**

# VOORSITTERSREDE

Die doel van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel.

Gedurende die afgelope jaar het die Kultuurkommissie sy doel nagestreef, naamlik om alle kulture in ons provinsie, veral daardie kulture wat voorheen gemarginaliseer, asook oneerbiedig en met minagting behandel is, te bevorder. Ons het gestreef na waardering en begrip van verskillende kulture met die doel om verskille te oorbrug wat ons eenheid as nasie bedreig.

Die Kultuurkommissie beskou elke kunsvorm, of dit nou ballet, opera, Afrika-musiek, jazz, beeldhoukuns of kuns- en handwerk is, as noodsaaklike elemente in ons pogings om 'n nuwe sosiale struktuur daar te stel. Dit is ons passie om te verseker dat al ons kunstenaars en kunsvorme op elke moontlike wyse ondersteun en aangemoedig word.

Daar was baie frustrasies op die pad na die bereiking van ons doelwitte, maar ons het 'n sterk span wat verbind is tot verandering en die verbetering van dienste. Ons is trots om verslag te doen oor die wyse waarop ons 'n verskil gemaak het aan die lewens van duisende mense in die Wes-Kaap.



**VOORSITTER**

## **VISIE**

Om 'n nuwe, dinamiese omgewing te ontwikkel wat geleenthede skep vir die bevordering en verryking van kuns en kultuur en wat die kulturele diversiteit van die provinsie en die land weerspieël.

## **MISSIE**

Om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel deur middel van die volgende:

- Registrasie en de-registrasie van kultuurrade en finansiële steun aan geregistreerde rade;
- beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en vaste eiendom wat deur die Provinsiale Minister onder sy toesig geplaas is;
- uitvoering van ander funksies en take wat deur die Provinsiale Minister toegeken is; en
- adviserings van die Minister oor beleid.

# 1. ALGEMENE INLIGTING

## 1.1 INLEIDING

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie doen graag verslag van sy aktiwiteite vir die 2002/2003-finansiële jaar.

Die Kultuurkommissie is in 1999 kragtens die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998), ingestel. Die Minister wat toe vir kultuursake in die Wes-Kaap verantwoordelik was, het die Kommissie na 'n proses van openbare benoemings kragtens die bepalings van die Wet aangestel.

Die eerste dienstermyn van die Kommissie het op 31 Maart 2002 verstryk. Benoemings vir kandidate is aangevra deur middel van advertensies wat in al die koerante in die Wes-Kaap geplaas is. Die nominasies wat ontvang is, is na die Staande Komitee vir Kultuursake verwys. Die Staande Komitee het 'n kortlys opgestel. Die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning, mnr. Patrick McKenzie, het 14 lede op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie aangewys, met ingang van 1 April 2002.

Die mandaat van die Kommissie is om kultuur te bewaar, te bevorder en te ontwikkel volgens 'n beleid wat deur die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning vasgestel is.

## 1.2 SAMESTELLING VAN DIE KULTUURKOMMISSIE

Gedurende die afgelope jaar het die volgende lede op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gedien:

Mnr Terence April (Ondervoorsitter)  
Mnr Tajjuddien Akleker  
Dr Pieter Bingle  
Mnr Simon Bruinders  
Dr Mathilda Burden  
Dr Janette Deacon  
Sheigh Amierordien du Toit  
Mnr Elvis Hermans  
Mnr Anthony le Fleur  
Me Marlene le Roux (Voorsitter)  
Me Nombeko Mlambo  
Mnr Vusisizwe Mchunu  
Mnr David Piedt  
Mnr Pieter Toerien

## 1.3 GRONDWETLIKE BEVOEGDHEID EN WETGEWENDE MANDAAT

Daar is voorsiening gemaak vir die wetgewende mandaat van die Kultuurkommissie in wetgewing en beleid wat van toepassing is op kultuur in die Wes-Kaap en wat goedgekeur is deur die Minister wat as die uitvoerende gesag verantwoordelik is vir

kultuursake in die Wes-Kaap. Dit sluit die volgende in:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);
- Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998);
- Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998); en
- Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, (Wet 1 van 1999).

In die uitvoering van sy mandaat, neem die Kultuurkommissie ook kennis van nasionale wetgewende mandate en beleid. Dit sluit die volgende in:

- Die Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997 (Wet 56 van 1997);
- Die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998); en
- Die Nasionale Witskrif op Kuns, Kultuur en Erfenis, 1996.

#### **1.4 BEVOEGDHEDE EN FUNKSIES VAN DIE KOMMISSIE**


Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het die volgende magte en funksies, soos gestipuleer in die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998), hierna die Wet genoem:

- om kultuurrade te registreer en te de-registreer;
- om binne sy beskikbare bronne, hulp te verleen aan 'n kultuurraad of -rade wat kragtens die Wet gestig is deur kultuurverwante projekte, navorsing en konferensies waarvoor 'n geregistreerde kultuurraad of -rade aansoek gedoen het, te subsidieer;
- om roerende of vaste eiendom wat onder sy toesig geplaas is, te beheer, te bestuur, te ontwikkel en in stand te hou;
- om aanbevelings aan die Provinsiale Minister te doen ten opsigte van die bepaling van tariewe vir die verhuring van enige roerende of vaste eiendom wat onder die Kommissie se toesig geplaas is;
- om aanbevelings oor beleid op versoek van die Minister of 'n kultuurraad of -rade te formuleer;
- om aanbevelings te doen oor hoe die doelwitte van die Kultuurkommissie die beste bereik kan word ten opsigte van, onder andere:
  - o die visuele, uitvoerende en literêre kunste;
  - o die natuur- en menswetenskappe;
  - o kultuurhistoriese terreine; en
  - o die jeug se kulturele bewustheid en betrokkenheid;
- om interkulturele, nasionale en internasionale kontak te bevorder en te koördineer;
- om inligting vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur beskikbaar te maak;

- om roerende eiendom te bekom, te huur, te verhuur of andersins te vervreem;
- om enige gebou of struktuur op die vaste eiendom op te rig, toe te rus, in stand te hou of te verander, ná goedkeuring deur die Provinsiale Minister, en, waar nodig, deur die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies;
- om roerende of vaste eiendom as 'n geskenk, erflating of as 'n trust te ontvang, en om dit te beheer, te gebruik, te bestuur of andersins daarmee om te gaan onderhewig aan die voorwaardes van die skenking, erflating of trust, en wat ooreenkom met die doelwitte van die Kultuurkommissie. Die Kultuurkommissie het die reg om te beskik oor enige vaste eiendom wat aan die Kommissie geskenk of bemaak en met die vereiste goedkeuring aanvaar is;
- om databasisse, insluitend databasisse van persone, organisasies, instellings, toerusting en geriewe wat verband hou met kultuursake in die Wes-Kaap, op te stel en in stand te hou; en
- om enige ander funksies wat aan die Kultuurkommissie toegewys word, uit te voer.

## 2. RAAMWERK VIR MENSLIKE HULPBRONNE

### 2.1 ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## **2.2 VERGADERINGS VAN DIE KULTUURKOMMISSIE EN KOMITEES**

Die Kultuurkommissie het vier volle vergaderings gedurende die 2002/2003 finansiële jaar gehad.

Die Uitvoerende Komitee, bestaande uit Marlene le Roux (Voorsitter), Terence April (Ondervoorsitter), Janette Deacon, Mathilda Burden en Vusisizwe Mchunu, het slegs een keer vergader.

Die Kultuurradekomitee, bestaande uit Janette Deacon (Voorsitter), Pieter Bingle, Nombeko Mlambo en Amierordien du Toit, het slegs een keer gedurende die afgelope jaar vergader.

Die Befondsingskomitee, bestaande uit Marlene le Roux (Voorsitter), Terrence April, David Piedt, Pieter Toerien, Anthony le Fleur, Nombeko Mlambo, Amierordien du Toit en Elvis Hermans, het drie keer gedurende die jaar vergader.

Die Fasiliteitekomitee, bestaande uit Marlene le Roux (Voorsitter), Simon Bruinders, Tajjuddien Akleker, Amierordien du Toit, Vusisizwe Mchunu en David Piedt, het drie keer gedurende die jaar vergader.

Die Interim Komitee vir Geografiese Name is vroeg in 2002 as 'n komitee van die Kommissie gestig, met Mathilda Burden as waarnemende Voorsitter. Die komitee se eerste vergadering is op 23 Januarie 2002 gehou. Hierdie komitee het sedertdien nog nie weer vergader nie, aangesien nasionale regulasies, wat bepalend is t.o.v. die funksies van provinsiale geografiese name-komitees, eers op 7 Maart 2003 gepromulgeer is.

## **2.3 UITVOERING VAN PLIGTE**

Personeel van die Hoofdirektoraat Kultuursake van die Departement van Kultuursake en Sport is verantwoordelik vir die uitvoering van die Kommissie se administratiewe werk. Mnr. Bradley Sirmongpong is die voltydse sekretaris van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

## **2.4 BELEIDSONTWIKKELINGS**

Gedurende die verslagjaar was daar 'n sterk gevoel dat die befondsingsstelsel in sy geheel hersien moes word. Verskeie werkgroepe, bestaande uit personeel van die Hoofdirektoraat Kultuursake, is getaak om die werkswyse te evalueer en te hersien. Dit het aanleiding gegee tot verskeie beplanningssessies vir personeel wat by projekte betrokke is. Die proses het gekulmineer in die voorlegging van 'n nuwe benadering tot projekte aan die senior bestuur van die Departement en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie. Die voorstel vir die nuwe finansiële jaar is dat daar slegs een befondsingsmodel sal wees. Die publiek sal ook d.m.v. advertensies in die media genooi word om aansoeke in te dien. Organisasies mag in die toekoms slegs eenmaal 'n jaar aansoek doen vir 'n jaarlikse toelae wat beide vir projekte en infrastruktuur aangewend mag word.

### **3. PROGRAMPRESTASIE**

Die dienste wat deur die Kultuurkommissie gelewer word, is in lyn met die pligte en magte van die Kommissie, soos wat in die Wet uiteengesit is.

#### **3.1 REGISTRASIE EN DE-REGISTRASIE VAN KULTUURRADE**

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998), stel die provinsiale regering in staat om voorsiening te maak vir die stigting en redelike befondsing, binne die raamwerk van sy beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe wat dieselfde taal en erfenis deel. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet 1998 (Wet 14 van 1998) is gepromulgeer om uitvoering te gee aan die bogenoemde bepalings.

Die volgende organisasies is as kultuurrade geregistreer kragtens die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet:

- Cochokwa Kultuurraad
- Paarlse Afrikaanse Skakelforum
- Gourikwahuis
- Gorachoukwahuis
- Attakwahuis
- Nasionale Griekwa Kultuurraad
- FAK Gebiedsraad Kaap die Goeie Hoop
- House of Nyabinghi, Paarl
- Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika
- Suid-Afrikaanse Melayu Kultuurvereniging
- Hessekwa Kultuurraad
- Forum vir Maleierkultuur in Suid-Afrika
- Helderberg Kultuurraad

Die volgende kultuurrade is toegelaat om te registreer, op voorwaarde dat uitstaande dokumentasie oor die organisasie ingedien word.

- Huis van die Goringhaikwa Inheemse Volk en
- Choinokwa Khoisan Kultuurraad

Drie nuwe aansoeke om as kultuurrade te registreer is gedurende die jaar onvoorwaardelike goedgekeur:

- Die Zoeloe Nasie (Wes-Kaap)
- Bellville Afrikaanse Kultuurraad
- Vlaamse SA Kultuurstigting

## **3.2 BYSTAND AAN GEREGISTREERDE KULTUURRADE**

Slegs twee van die aansoeke om fondse wat van geregistreeerde kultuurrade ontvang is, het aan die vereiste kriteria voldoen. Hierdie kultuurrade het fondse ontvang.

Die Gorachoukwahuis het 'n bedrag van R668 ontvang as 'n bydrae tot die bou van 'n tradisionele Khoi-hut by die Grassypark Openbare Biblioteek. Die hut is tydens 'n werksessie as 'n kultuursentrum gebruik waarin Khoi-voorwerpe uitgestal is en werksessies gehou word om die Khoi-kultuur te versterk en te bevorder.

Die Gourikwahuis het 'n bedrag van R15,000 ontvang vir 'n konferensie wat vanaf 13 tot 15 Desember 2002 in Groot Brakrivier gehou is. Die tema van die konferensie was "Voetspore na Gister".

Die behoefte is geïdentifiseer om 'n werksessie of reeks werksessies aan te bied om geregistreeerde kultuurrade te bemagtig om die befondsingsstelsel vir projekte, soos opgestel deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, te verstaan. Die feit dat slegs twee suksesvolle aansoeke gedurende die afgelope jaar ontvang is, dui daarop dat die behoeftes van hierdie gemeenskappe nog nie behoorlik aangespreek is nie.

Vir die amptelike begrafnis van Sarah Baartman in die Oos-Kaap op Nasionale Vrouedag op 9 Augustus 2002, het die Kultuurkommissie 'n beduidende bydrae gemaak tot die reiskoste van verteenwoordigers van geregistreeerde kultuurrade in die Wes-Kaap wat Khoi-kultuur en -erfenis in gemeen het, om die begrafnis by te woon.

## **3.3 BEHEER, BESTUUR, ONTWIKKELING EN INSTANDHOUDING VAN FASILITEITE ONDER DIE TOESIG VAN DIE KOMMISSIE EN AANBEVELING VAN TARIWE**

### **3.3.1 Die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van fasiliteite**

Voor 1999 het die Streekraad vir Kultuursake, Wes-Kaap (die voorganger van die Kultuurkommissie) verskeie fasiliteite kragtens die Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989, (Wet 65 van 1989) beheer, bestuur en in stand gehou. Hierdie eiendomme word nou deur die Kultuurkommissie bestuur kragtens die toewysing in 1995 deur die Staatspresident van Wet 65 van 1989 aan die Wes-Kaap Provinsie sowel as die oorspronklike ooreenkomste wat deur die verskeie geregistreeerde eienaars of hul verteenwoordigers en die Streekraad vir Kultuursake, Wes-Kaap aangegaan is.

Die Kultuurkommissie wil graag sy waardering uitspreek teenoor die amptenare van die Hoofdirektoraat Kultuursake van die Departement van Kultuursake en Sport vir hul bydrae tot die volgehoue, suksesvolle bestuur en instandhouding van die fasiliteite. 'n

Spesiale woord van dank gaan aan daardie personeellede wat verantwoordelik is vir besprekingsdienste, finansiële bestuur, bevoorraading en vervoer. Die toewyding en betrokkenheid, veral van die bestuurders van die fasiliteite en die personeel by die verskeie fasiliteite, word besonder waardeer.

Die fasiliteite is:

**(a) Melkbos Kultuursentrum en Melkbos Oppiesee, naby Melkbosstrand**

Die Melkbos Kultuursentrum, net suid van Melkbosstrand, is baie gewild aangesien dit slegs 32 kilometer noord van Kaapstad geleë is. Dit word omring deur goed bewaarde kusfynbos, het toegang tot die strand en bied 'n uitsig van Robbeneiland oor Tafelbaai. Die hele terrein is ook ingesluit in die Blouberg Bewaringsgebied.

Die tweede fasiliteit op die terrein by Melkbosstrand is bekend as Melkbos Oppiesee. Hierdie sentrum, net suid van en aangrensend aan die Melkbos Kultuursentrum, bied 'n panoramiese uitsig oor Tafelbaai, Robbeneiland en Tafelberg.

**(b) Schoemanspoort Kultuursentrum naby Oudtshoorn**

Schoemanspoort Kultuursentrum is sowat 15 km van Oudtshoorn geleë in 'n smal kloof langs die historiese ou pas wat lei na die Kango-vallei. Dit bestaan uit 'n aantal rondawels en het 'n groot saal wat met 'n kombuis toegerus is. Hierdie fasiliteit word hoofsaaklik deur die gemeenskappe van die Suid-Kaap en Klein-Karoo gebruik.

**(c) Koekenaap Kultuursentrum naby Lutzville**

Die Koekenaap Kultuursentrum word in 'n voormalige skoolgebou op die noordelike oewer van die vrugbare Olifantsrivervallei, tussen Vredendal en Lutzville, gehuisves en word deur wingerde omring. Hierdie fasiliteit bedien die plattelandse gemeenskappe van die Weskus.

**(d) Okkie Jooste Kultuursentrum in die Jonkershoekvallei naby Stellenbosch**

Die sentrum is op die oewer van die bloop van die Eersterivier in die skilderagtige Jonkershoekvallei, oos van Stellenbosch, geleë. Dit is die gewildste van al die fasiliteite onder die bestuur van die Kultuurkommissie.

**(e) Groot Drakenstein Kultuursentrum naby Simondium**

Die Groot Drakenstein Kultuursentrum is in die Bergriviervallei tussen Franschoek en Paarl geleë en is ingerig in 'n voormalige korrektiewe fasiliteit. Verskeie strukturele veranderings en verbeterings wat gedurende die afgelope paar jaar aangebring is het hierdie ou tronk in 'n gebruikersvriendelike kultuurfasiliteit omskep. Die gebou is gedurende die verslagjaar teen 'n koste van R130 000 geverf.

**(f) Bien Donn  Herehuis naby Simondium**

Die plaas is in Julie 1994 van die Republiek van Suid-Afrika na die Landbounavorsingsraad oorgedra. Kragtens 'n geskrewe ooreenkoms tussen die Landbounavorsingsraad en die Streekraad vir Kultuursake, Wes-Kaap gedateer 24 Augustus 1994, is die gebruik van die historiese opstal en 'n deel van die grond aan die Raad toegestaan. 'n Serwituut is ten gunste van die Kultuurkommissie teen die transportakte geregistreer. Die Landbounavorsingsraad het gedurende die verslagjaar aangedui dat die Raad dit gunstig sal oorweeg om die hele historiese Bien Donn -werf aan die Kultuurkommissie beskikbaar te maak, aangesien die Raad die bestuur van die werf nie as sy hoof funksie beskou nie. Onderhandelings tussen die Wes-Kaapse regering en die Landbounavorsingsraad oor die aankoop van die werf word nog gevoer.

Die neo-klassieke voorgewel van die herehuis dateer uit 1800 en die werf het 'n groot kruetuin. Die plaashuis word vir kunsuitstallings, klein konferensies en kultuuraktiwiteite gebruik. Dit is elke dag oop vir besoekers. Besoekers kan die huis besigtig, uitstallings bywoon en meer oor die tradisionele gebruik van kruid leer.

**3.3.2 Besetting van kultuurfasiliteite**

Gedurende die finansi le jaar het die Wes-Kaapse regering geen fondse aan die Kultuurkommissie beskikbaar gestel vir die instandhouding en ontwikkeling van die kultuurfasiliteite onder sy toesig nie.

FASILITEIT OF KULTUURSENTRUM	BESETTING VAN GERIEWE: GETAL GROEPE			BESETTING VAN GERIEWE: GETAL BESOEKERS		
	2000/ 2001	2001/ 2002	2002/ 2003	2000/ 2001	2001/ 2002	2002/ 2003
Melkbos Kultuursentrum	81	78	82	5 541	5 095	5 730
Melkbos Oppiesee	91	75	83	3 943	3 360	3 623
Groot Drakenstein,, Simondium	85	82	76	6 182	5 492	5 320
Koekenaap, Vredendal	56	45	62	1 880	2 091	1 779
Bien Donn�, Simondium	15	16	16	6 831	7 326	7 432
Schoemanspoort, Oudtshoorn	53	53	60	3 742	3 517	3 838
Okkie Jooste, Stellenbosch	94	102	103	8 796	9 884	10 317
<b>TOTAAL</b>	<b>460</b>	<b>451</b>	<b>482</b>	<b>30 084</b>	<b>36 765</b>	<b>31 039</b>

**Figuur 1: Tendense in die besetting van kultuurfasiliteite onder beheer van die Kultuurkommissie die afgelope drie jaar**

Die volgende tabel verskaf 'n opsomming van die geriewe beskikbaar by die fasiliteite onder die beheer van die Kultuurkommissie:

	Bien Donné Herehuis	Melkbos Kultuur- entrum	Melkbos Opplisee	Okkie Jooste Stellen- bosch	Groot Drakenstein	Schoemans poort, Oudishoorn	Koekenaap Vredendal
Afstand vanaf Kaapstad	60	32	31	65	60	400	390
Maksimum aantal beddens		105	60	220	170	120	70
Getal slaapkamers		17	9	31	13	17	21
Grootte van grond (ha)	1	38	38	3	12	551	4
Swembad				√	√	√	
Hindernisbaan				√	√		
Saal: getal sitplekke	60	220	120	300	300	300	120
Ekstra saal: getal sitplekke			40	220	40		
Televisie	1	1	1	1	1	1	1
Videomasjien	1	1	1	1	1	1	1
Projektor skerm				√	√	√	√
Luidspreker				√		√	
Kaggel	√	√	√	√	√		
Braaigeriewe		√	√	√	√	√	√
Toegang tot rivier				√	√	√	√
Berge				√		√	
Toegang tot die strand		√	√				
Fynbos en natuurlike omgewing		√	√	√	√	√	
Kruietuin	√						
Getal storte		7	8	28	12	16	19
Getal baddens		2			3	2	3
Getal toilette	3	10	8	28	14	15	20
Kombuis	1	1	1	2	2	1	1
Stoof	1	1	1	2	2	1	1
Oond	1	1	1	2	2	1	1
Mikrogolfoond	1	1	1	1	1	1	1
Opwasbakke	1	2	2	2	2	2	2
Opwasplek		1	1	1	1	1	
Vrieskas	1	1	1	2	1	1	1
Yskas	1	1	1	3	2	1	1
Koelkamer		1	1	1	1		
Kombuisgereedskap (stel)		√	√	√	√	√	√
Getal tafels	8	24	16	20	15	15	10
Plastiekstoele		80	120	400	120	180	200
Gestoffeerde stoele	20		200	40			
Vergaderkamer	1	1	1	1	1		
Akkommodasie vir bestuurder	1	1		1	1		1
Akkommodasie vir werkers	1	3		3	4	3	2
Ander blyplek				1	1		
Tennisbane					√		

**Figuur 2: Opsomming van die geriewe beskikbaar by die fasiliteite onder beheer van die Kultuurkommissie.**

### **3.3.3 Oordrag van fasiliteite ingevolge grondwetlike bepalinge van nasionale na provinsiale regering**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), bepaal dat, met voorlegging van 'n sertifikaat deur 'n bekwame owerheid, vaste eiendom wat deur die Staat besit word deur 'n spesifieke regering beskik word kragtens artikel 239 van die Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993), en dat die Registrateur van Aktes sodanige inskrywings of bekragtigings in of op enige relevante register, transportakte of ander dokument moet maak om sodanige vaste eiendom in die naam van daardie regering te registreer. Hierdie taak is aan die Hoofdirektorat Eiendomsbestuur van die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme toegewys.

Vordering met die formele aansoek en uiteindelijke uitreiking van hierdie sertifikate deur die betrokke owerhede is stadig. Die Kultuurkommissie het versoek dat hierdie proses kragtens die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998), onderhewig aan die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998), geformaliseer moet word. Hierdie proses moet voltooi word voordat 'n formele aansoek vir die oordrag van die eiendom na die Wes-Kaap gedoen kan word en om die situasie te reguleer met betrekking tot die magte van die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning om hierdie eiendomme onder toesig van die Kultuurkommissie te plaas.

Tot op datum is slegs die Schoemanspoort-fasiliteit oorgedra aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering. Die Kultuurkommissie is begryplik huiwerig om verdere kapitaal in die ander eiendomme te belê totdat uitsluitel verkry is oor die toekomstige beheer, bestuur en instandhouding en totdat 'n formele gebruikersooreenskoms, wat die voorwaardes wat sal geld uiteensit, aangegaan is.

### **3.3.4 Huurtariewe vir fasiliteite**

Die Kultuurkommissie het voorgestel dat die tariewe vir die verhuring van die onderskeie kultuurgeriewe vanaf 1 Januarie 2003 met 'n gemiddeld van 10% verhoog word.

### **3.3.5 Bemaking**

Met die oog op die bevordering van transformasie en die bemaking van die fasiliteite aan die breër publiek, is advertensies in al die gedrukte media in die Wes-Kaap geplaas gedurende Oktober 2002. Verskeie radio-onderhoude het plaasgevind en 'n inligtingsbrochure oor die fasiliteite word ook ontwikkel.

## **3.4 DIE BEWARING, BEVORDERING EN ONTWIKKELING VAN KULTUUR IN DIE WES-KAAP**

Die beginsel van armlengte befondsing van kuns- en kultuuraktiwiteite wat binne bereik is, soos uiteengesit in die nasionale Witskrif op Kuns, Kultuur en Erfenis van 1996, is behou. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het die Minister oor die befondsing van verskeie tipe projekte van bona fide kuns- en kultuurorganisasies geadviseer, insluitend:

- *ad-hoc* toelaes vir projekte in die Wes-Kaap;
- jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes;
- professionele kunste-organisasies;
- projekte waarvoor die Kultuurkommissie fondse van skenkers ontvang het; en
- projekte van die HOP-kuns- en kultuursentrums wat in die Wes-Kaap gebou is.

### 3.4.1 *Ad hoc* toelaes

Die *ad hoc* stelsel is 'n stelsel wat oorgeërf is en wat gebruik is om gemeenskapsprojekte, wat deur *bona fide* kultuurorganisasies aangebied is, te help befonds. Die strategiese doelwit van *ad hoc* toelaes is om gemeenskapsorganisasies te bemagtig om kultuur te bewaar, te bevorder en te ontwikkel. Die organisasies voldoen aan hierdie doelwit deur projekte op die gebied van visuele, uitvoerende en literêre kunste, die natuur- en geesteswetenskappe, kultuurhistoriese terreine en die jeug se kulturele bewustheid aan te bied.

Gedurende die afgelope jaar is 237 *ad hoc* toelaes met 'n totale waarde van R782,631 goedgekeur. Volgens statistieke wat deur die organisasies wat fondse ontvang het, voorgelê is, was 289,991 persone betrokke, óf deur aktiewe deelname aan hierdie projekte óf as deel van die gehoor.

Bylae A tot die Jaarverslag noem die organisasies wat gedurende die jaar aansoek gedoen het vir fondse, al die vereiste dokumentasie voltooi het en wat gedurende die 2002/2003 finansiële jaar *ad hoc* befondsing van die Kultuurkommissie ontvang het.

### 3.4.2 Jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes

Die verwerking van die aansoeke vir jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes wat ontvang is, is suksesvol uitgevoer deur die projekspan, bestaande uit Lindsay Jephtha, Louis Brown, Lulama Nojozi en Anita van der Merwe, kultuurbeamptes in diens van die Departement onder die leiding van die Assistent-Direkteur, Nerine Javeen.

Die Kultuurkommissie het op 15 Mei 2002 die prosesering van jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes, wat uit die volgende fases bestaan het, goedgekeur:

- |         |   |
|---------|---|
| Fase 1: | Goedkeuring van proses en plasing van advertensies  |
| Fase 2: | Inligtingswerksessies en voltooiing van inspeksieverslae  |
| Fase 3: | Evaluering van aansoeke en formulering van aanbevelings en goedkeuring deur die Befondsingskomitee van die Kultuurkommissie |
| Fase 4: | Die Kultuurkommissie se aanbeveling en goedkeuring deur die Minister en afhandeling van memoranda van ooreenkoms            |
| Fase 5: | Vorbereiding vir seremonies vir die oorhandiging van tjeks  |
| Fase 6: | Evaluering van vorderingsverslae en verwerking van tweede tjeks   |
| Fase 7: | Finansiële verslagdoening, projekevaluering en afsluiting van projek  |

Die advertensies, wat *bona fide* kultuurorganisasies uitgenooi het om vir fondse aansoek te doen, is in provinsiale, plaaslike en gemeenskapskoerante geplaas. Die advertensies het gedurende 28 Mei tot 3 Junie 2002 in koerante verskyn.

Werkessies is in Caledon, Vredendal, Oudtshoorn, Kaapstad en Worcester gehou om voornemende aansoekers met die voltooiing van die vorm te help. Die werkessies was ook 'n geleentheid vir gemeenskappe om die personeel te ontmoet en om inligting in te win oor wat verwag word met betrekking tot dokumente wat voorgelê moes word en die bedryf van 'n organisasie. Teen 5 Julie 2002, is 138 aansoeke ontvang, insluitende 10 laat aansoeke. 33 aansoekers is geadviseer om aansoek te doen vir *ad hoc* befondsing. 9 organisasies het nie gekwalifiseer vir befondsing nie, omdat hulle aktiwiteite buite die mandaat van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie val. Inspeksies is by al die kwalifiserende organisasies regoor die Wes-Kaap gedoen.

STREEK	JEUG	DANS/ BALLET	ANDER UITVOERENDE KUNSTE	MUSIEK	ANDER GENRES	TOTAAL
Weskus			4	2	3	9
Breërivier/ Wynland	1		4	4	1	10
Suid-Kaap en die Klein-Karoo		1	1	2		4
Sentrale Karoo			1			1
Overberg	1		3			4
Kaapse Metropolitaanse Gebied	6	8	15	9	21	59
<b>TOTAAL</b>	<b>8</b>	<b>9</b>	<b>28</b>	<b>17</b>	<b>25</b>	<b>87</b>

**Figuur 3: Oorsig van die aansoeke vir jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes wat gedurende 2002/2003 goedgekeur is.**

Die jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes-stelsel wat gedurende die jaar geïmplementeer is, is op projekbestuursbeginsels gebaseer. Dit het verseker dat die proses glad en volgens skedule verloop het. Die resultaat was verbeterde dienslewering en minder navrae van die publiek.

Bylae B lys die organisasies wie se aansoeke vir jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes aan die Kultuurkommissie gedurende die 2002/2003 finansiële jaar suksesvol was ná inspeksiebesoeke deur die kultuurbeamptes.

JAARLIKSE WEDERKERENDE UITGAWE TOELAES VIR 2002/2003 VERDELING PER GENRE		
GENRE	BEDRAG	AANTAL ORGANISASIES
Dans	R1 61 500	9
Erfenis		
Multi-dissiplinêre aansoeke	R280 000	20
Orkes, musiek en sang	R226 000	17
Teater	R418 450	25
Visuele kunste	R108 500	8
Jeug	R100 500	8
<b>TOTAAL</b>	<b>R1 294 950</b>	<b>87</b>

**Figuur 4: Die verdeling van jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes wat aan organisasies betaal is in die verskillende genres gedurende die 2002/2003 finansiële jaar.**

<b>JAARLIKSE WEDERKERENDE UITGAWE TOELAES VIR 2002/2003 VERSPREIDING VAN FONDSE PER STREEK</b>		
<b>STREEK</b>	<b>FONDSE</b>	<b>AANTAL ORGANISASIES</b>
Breërivier/Wynland	R188 000	10
Kaapse Metropolitaanse Gebied	R917 450	59
Sentrale Karoo	R10 500	1
Suid-Kaap en die Klein-Karoo	R55 000	4
Overberg	R45 500	4
Weskus	R78 500	9
<b>TOTAAL</b>	<b>R1 294 950</b>	<b>87</b>

**Figuur 5: Die verspreiding van die jaarlikse wederkerende uitgawe toelaes wat gedurende die 2002/2003-finansiële jaar uitbetaal is deur die Kultuurkommissie.**

### **3.4.3 Professionele kunste-organisasies**

Die Wes-Kaapse regering het weer gedurende die boekjaar, deur middel van die Kultuurkommissie, en in lyn met die nasionale Witskrif op Kuns, Kultuur en Erfenis wat in Julie 1996 deur die nasionale Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie gepubliseer is, fondse aan professionele kunste-organisasies in die Wes-Kaap beskikbaar gemaak. Hierdeur word daar verseker dat 'n professionele omgewing vir kunstenaars, tegnisi en ander kultuurwerkers in die Wes-Kaap in stand gehou word. Terseldertyd word die volhoubaarheid van die onafhanklike professionele kunste-organisasies ondersteun en word werksgeleenthede vir ambisieuse en talentvolle jong kunstenaars geskep om die kunste te bevorder en te ontwikkel, en om die ontwikkeling van gehore binne die gemeenskappe van die Wes-Kaap te bevorder.

Die meerderheid professionele kunste-organisasies in die Wes-Kaap gebruik die Kunstekaap Teatersentrum as hul basis. Die Teatersentrum is die eiendom van die Wes-Kaapse regering. Die regering verhuur die Teatersentrum aan Kunstekaap, wat verantwoordelik is vir die bestuur daarvan. Kunstekaap speel 'n leidende rol in die aanbieding van gemeenskaps-gebaseerde programme.

Die professionele kunste-organisasies moet ook verseker dat uitreik- en ontwikkelingsprogramme in stand gehou word in gemeenskappe wat voorheen toegang tot hierdie kunsvorme ontsê is. In hierdie verband verskaf die Kultuurkommissie gesamentlike fondse vir verskeie ontwikkelingsprogramme.

Dance for All is 'n gemeenskapsgebaseerde projek wat poog om kinders van minderbevoorregte gemeenskappe aan die dansdissipline bloot te stel. Die organisasie verskaf dansonderrig aan sowat 200 jongmense elke dag wat verseker dat hierdie jongmense nie ledige straatkinders word nie.

Die Kaapstadse Filharmoniese Orkes het hierdie jaar 'n bykomende bedrag van R1,5 miljoen ontvang van die Wes-Kaapse regering om die Orkes se transformasieprogram te implimenter. Die program word in samewerking met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en Stad Kaapstad onderneem.

Jazzart het die volgende verskeie toekennings by die 2002 FNA Vita Dance Indaba in Kaapstad ontvang:

- Jazzart dansers het die toekenning vir die beste choreografie in 'n kontemporêre styl ontvang;
- Jacqueline Manyapelo het 'n toekenning vir die belowendste optrede in 'n kontemporêre styl ontvang; en
- Namjive het 'n spesiale toekenning van die beoordelaars vir hul optrede in "Ijam Goed/Hou Goed".

Die Afrika Opera Renaissance is op ons! Die bravour van opera het die kragtigheid van Afrika ontmoet: 'n Vennootskap waarin die ryk tapisserie van musiek, drama en kuns 'n unieke kulturele pilaar is op 'n vasteland wat smag na kreatiewe vervulling. Die Kultuurkommissie het soos die vorige jaar 'n bydrae gemaak van R1 miljoen tot die ontwikkeling van opera.

Ballet is een van die gewildste dansvorme in die Wes-Kaap. Kaapstad Ballet bied aan jong dansers die droom en die platform om hulle talent te ontwikkel.

PROFESSIONELE KUNSTE-ORGANISASIES	TOEKENNING VAN TOELAES	
	2001/2002	2002/2003
Kaapstad Opera	R1 100 000	R1 100 000
Opera Ontwikkelingstrust	R1 000 000	R1 000 000
Kaapstad Ballet	R2 000 000	R2 000 000
Jazzart-dansmaatskappy	R250 000	R250 000
Dance for All	R150 000	R150 000
Baxter Teatersentrum	R250 000	R250 000
Kaapstadse Filharmoniese Orkes	R980 000	R2 300 000
<b>TOTAAL</b>	<b>R5 730 000</b>	<b>R7 050 000</b>

**Figuur 6: 'n Vergelyking van die befondsing wat deur die Kultuurkommissie aan die professionele kunstemaatskappye beskikbaar gestel is in die 2001/2002- en 2002/2003-finansiële jaar**

### 3.4.4 Die benutting van die HOP-gemeenskapsentra vir kuns- en kultuur

Al drie sentrums in die Wes-Kaap wat met gesamentlike fondse van die HOP-fonds, internasionale skenkerfondse, sowel as provinsiale hulpbronne gebou of gerehabiliteer is, is operasioneel. Die sentrums is die Simunye-gemeenskaps-kuns en kultuursentrum in Kwanokuthula, Plettenbergbaai, die Guga S'thebe multifunksionele kuns en kultuursentrum in Langa, Kaapstad, en die Distrik Ses Museum in Kaapstad. Die Kultuurkommissie maak fondse beskikbaar aan gemeenskapsorganisasies wat hierdie geriewe vir bemagtiging en vaardigheidontwikkelingsprojekte op die gebied van kuns en kultuur benut. Bedrae van R40 000 elk was bestem vir die Simunye- en Guga S'thebe sentrums. Elke sentrum het in 'n miernes van bedrywighede ontwikkel en word goed benut deur die gemeenskappe waarin hulle geleë is.

Sedert April 2001 het die Simunye-gemeenskapskuns- en kultuursentrum suksesvolle armoedeverligtingsprojekte aangebied wat befonds is uit die armoedeverligtingsfondse wat deur die Nasionale Tesourie via die nasionale Departement van Kuns en Kultuur beskikbaar gestel is. Ander kulturele aktiwiteite by die sentrum sluit in skoolkoorkompetisies, opvoerings van plaaslike drama en uitvoerings van kwaito-musiekgroepe aan honderde jeugdigdes in die opelugamfiteater.

Die Guga S'thebe Multifunksionele kuns- en kultuursentrum in Langa is opgerig met fondse van die HOP-fonds en die provinsiale Departement van Maatskaplike Dienste. Die Stad Kaapstad het die perseel beskikbaar gemaak. Deurlopende kuns- en kultuurprogramme wat by die sentrum aangebied word sluit kralewerk, tradisionele dans, skryf van draaiboeke, drama, pottelbakkery en fotografie in. Die perseel word ook vir werksessies, konferensies en gemeenskapsinligtingsessies gebruik.

Die Distrik Ses Museum is 'n lewendige plek van interaksie vir die gemeenskap. Die Museum ontvang nie net besoekers van Suid-Afrika nie, maar is ook een van die gewildste bestemmings van oorsese toeriste in Kaapstad. In die nuwe uitstalling by die Museum word erkenning gegee aan die Kultuurkommissie se fasiliterende rol in die koördinerende van die verskeie skenkers om 'n lewensvatbare projek te verseker.

### **3.4.5 Ander projekte wat verband hou met die uitvoerende, visuele en literêre kunste, natuur- en geesteswetenskappe, kultuurhistoriese terreine en die jeug se kulturele bewustheid en betrokkenheid.**

#### **(a) Kaapse Klopse Karnaval**

Die Kaapse Klopse Karnaval is een van die mees kleurrike toerisme-aantreklikhede van die Kaap. 'n Bedrag van R500 000 is deur die Wes-Kaapse Regering via die Kultuurkommissie bygedra tot hierdie jaarlikse tradisionele geleentheid op Tweede Nuwejaar. Die fondse is aangewend om vervoerkoste te dek (160 busse het die lede van die 44 troepe wat deelgeneem het vervoer) en 'n bydrae te maak tot die uitrustings van elkeen van die deelnemende troepe. Ongeveer 250 000 mense het in die strate van Kaapstad saamgekom om die Klopse Karnaval gade te slaan.

#### **(b) Kersfeeskore**

Die Kersfeeskore is 'n tipies Kaapse kultuurverskynsel. Hierdie kore hou jaarliks 'n nagmars in Kaapstad op 24 Desember waartydens die kore in die strate van Kaapstad optree met Kersmusiek- en sang. 'n Bedrag van R250 000 is deur die Wes-Kaapse Regering via die Kultuurkommissie beskikbaar gestel vir vervoerkoste en 'n bydrae tot die uitrustings van elkeen van die 63 deelnemende kore.

#### **(c) Kaapse Maleierkoorkompetisies**

Die Kaapse Maleier Koorraad is die grootste van die drie Maleierkoorrade in die Wes-Kaap. 'n Bedrag van R220 000 is deur die Wes-Kaapse Regering via die Kultuurkommissie aan die organisasie toegeken. Hiervan is R25 000 bestem vir administratiewe uitgawes en die balans is verdeel en beskikbaar gestel aan die 34 deelnemende kore vir vervoerkoste na die optredes en kompetisies. Verdere bedrae van onderskeidelik R10 000 en R20 000 is deur die Wes-Kaapse Regering via die Kultuurkommissie toegeken aan die Suid Afrikaanse Koorraad en die Tafelberg Maleier Koorraad.

**(d) Koorfees vir Xhosa-sprekende kore**

'n Bedrag van R250,000 is deur die Wes-Kaapse Regering via die Kultuurkommissie beskikbaar gestel vir 'n koorfees vir Xhosa-sprekende kore. Die koorfees sal gedurende die volgende boekjaar plaasvind.

**(e) Kultuurgeskiedenis**

Die Kultuurkommissie was betrokke by die eeufeesherdenking van die vrylating van Opperhoof Andrew Abraham Stokenström le Fleur, Griekwaleier en profeet in 2003. 'n Groot aantal van die kultuurrade wat by die Kultuurkommissie geregistreer is, is by hierdie herdenkingsgeleentheid betrek. Die herdenking is ingelei deur 'n reisende uitstalling wat op 31 Maart 2003 te Oudtshoorn geopen is tydens die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees. Verdere herdenkings-geleenthede word beplan vir die nuwe finansiële jaar.

**(f) Die jeug se kulturele bewustheid en betrokkenheid**

Die verskaffing van bekostigbare geriewe aan organisasies, veral van voorheen benadeelde gemeenskappe, vir kulturele aktiwiteite soos die aanbidding van werkwinkels, opleiding, spanbouprogramme en kulturele ontwikkeling is een van die doelwitte van die Kultuurkommissie wanneer dit die tariefstruktuur vir die gebruik van die kulturele geriewe onder sy beheer oorweeg. Die Kultuurkommissie is veral trots daarop dat 217 van die 482 groepe wat die geriewe gedurende die finansiële jaar gebruik het, programme aangebied het wat spesifiek op die jeug se kulturele bewustheid en betrokkenheid gemik is.

'n Jong Kunstenaars-uitstalling is in Knysna gehou en het jongmense van al die skole in die gebied gelok. Die beste potloodsketse, skilderye, pastelsketse, steenkoolsketse, krytsketse, pottebakery, weefwerk en beelhouwerk is by die Knysna Kunsmuseum uitgestal. Die uitstalling is deur 592 mense bygewoon en baie onbekende kunstenaars het die geleentheid gekry om hul werk aan die algemene publiek bekend te stel.

Die Ratem Eisteddfod is in Riversdal gehou om kinders met 'n belangstelling in musiekinstrumente, poësie en sang 'n geleentheid te gee om hul talent ten toon te stel.

### **3.5 SKENKERFONDSE IN TRUST ONTVANG VIR DIE RESTOURASIE VAN GENADENDAL**

In 2001 is 'n projek van stapel gestuur om die bewaring van die kulturele erfenis en die ontwikkeling van erfenistoerisme in Genadendal te verseker. Die doel van die projek is om die plaaslike gemeenskap te bemagtig en te ontwikkel vir die duur van die projek, maar ook om die gemeenskap te benut deur middel van die aangeleerde vaardighede na voltooiing van die projek.

In Julie 2001 het die Nederlandse Ministeries van Buitelandse Sake en Onderwys, Kultuur en Wetenskap 'n subsidie ten bedrae van €1 015 763.96, betaalbaar oor 'n tydperk van drie jaar, vir die projek goedgekeur. Die projek is 'n gesamentlike onderneming van die Fakulteit Argitektuur van die Tegniese Universiteit van Delft in Nederland en die Kultuurkommissie.

Een van die vereistes vir die goedkeuring van die subsidie was dat Suid-Afrika 55% van die totale koste van die projek in kontant of in goedere betaal. Dit is daarom 'n geïntegreerde projek wat rolspelers van 'n aantal provinsiale departemente, plaaslike regering en die gemeenskap insluit. Almal dra op een of ander manier tot die projek by.

Die restourasie/bewaringsargitek, Lucien le Grange Argitek en Stadsbeplanners is in Mei 2002 aangestel om die projek te lei. Die argitek se eerste taak was om 'n bewaring-en-gebruiksplan te ontwikkel, sowel as bewaringsriglyne vir hierdie projek en enige ander projek wat in die toekoms in Genadendal onderneem mag word.

'n Plaaslike projekspan, bestaande uit verteenwoordigers van Genadendal, die bewaringsargitek, en die projekbestuurder, is in Julie 2002 saamgestel. Die span het 'n positiewe bydrae gelewer om die argitek te help om spesifiek die restourasiebehoefte van die projek te bepaal. Die bourekenaars, Slabber Fick Vennote, en argeoloog, Antonia Malan, is aangestel om insette te lewer terwyl die strukturele ingenieursfirma, Henry Fagan & Vennote, vroeg in 2003 aangestel is om spesialisadvies te verskaf. 'n Kontrakbestuurder is in Maart 2003 aangestel om die kontrakteurs te adviseer en te monitor en om toesig te hou oor die aankoop en stoor van boumateriaal.

Die grootste gedeelte van die jaar is gewy aan die beplanning van die verskeie fases van die projek, die bepaling van konstruksiebehoefte en koste vir elke gebou, die installering van die nodige grootmaatdienste, die voltooiing van planne vir die geboue en die huise in Bergstraat wat gerestoureer sal word om die historiese straatbeeld te herstel en die formulering van gemeenskapsvriendelike dokumentasie vir tenders en aankope. Dekriet is ook bestel sodat dekwerk gedurende die herfsmaande kon begin.

In September 2002 is 'n oudit van vaardigheids- en opleidingsbehoefte in groter Genadendal voltooi om plaaslike inwoners, wat oor die nodige vaardighede beskik en wat onmiddellik op die projek gebruik kon word, te identifiseer. Inwoners wat opleiding kon ontvang in die verskillende konstruksievaardighede, sodat hulle in staat gestel kon word om by die kontrakteurs werk te kry, is ook geïdentifiseer. Die eerste opleidingskursus in dekwerk in die dorp is in Desember 2002 suksesvol voltooi. Die 11 vakleerlinge sal vir die duur van die projek deel wees van die werkspan vir die dekwerk en hulle sal hul ondervinding kan gebruik om na afloop van die projek elders werk te vind. Dekwerk het teen die einde van Maart 2003 begin. Die implementeringsfase van die projek is terseldertyd formeel geloods.

Gereelde verslae, insluitend 'n verbale verslag in Parys, Frankryk in Oktober 2002, maandelikse verslae en 'n jaarverslag, is aan die Nederlandse skenkers voorgelê.

Die Nederlandse vennote (van Delft Universiteit) het die projek aan die einde van Maart 2003 besoek en die grootste deel van hul besoek aan Genadendal daaraan gewy om die vordering van die werk te besigtig, advies te gee, en het saam met die argitek en die projekbestuurder samesprekings begin vir 'n opleidingswerkswinkel vir professionele mense later in 2003.

## **3.6 ANDER FUNKSIES**

### **3.6.1 KOMITEE VIR GEOGRAFIESE NAME**

Die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998), is gepromulgeer om 'n permanente adviesliggaam daar te stel wat die nasionale minister verantwoordelik vir kuns en kultuur oor die standaardisasie vir amptelike doeleindes kan adviseer, en waar nodig, oor die verandering van geografiese name in Suid-Afrika. Provinsiale en plaaslike komitees vir geografiese name moet ook daargestel word om die nasionale Raad te adviseer.

Na deeglike oorweging het die Minister ingestem dat die Kultuurkommissie opdrag gegee word om 'n komitee daar te stel om as 'n Provinsiale Komitee vir Geografiese Name vir die Wes-Kaap te dien.

Die Komitee is ook die taak opgelê om rolspelers en aandeelhouers van verskeie sektore in die Wes-Kaap uit te nooi om die komitee te adviseer oor sake wat verband hou met geografiese name in die Wes-Kaap. Dit sluit die volgende in:

- die lede wat tans op die Suid-Afrikaanse Raad vir Geografiese Name dien en wat in die Wes-Kaap woonagtig is (tans drie lede);
- 'n verteenwoordiger van georganiseerde plaaslike regering;
- 'n verteenwoordiger van die Wes-Kaapse Taalkomitee;
- lede van die Kultuurkommissie;
- ex officio-verteenwoordigers van die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering, Beplanning, Vervoer, Toerisme, Kultuursake en die Taaleenheid;
- 'n ex officio-verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Poskantoor se streekkantoor in die Wes-Kaap;
- 'n ex officio-verteenwoordiger van die Landmeter-Generaal se kantoor in Kaapstad;
- 'n ex officio-verteenwoordiger van die Departement van Waterwese en Bosbou se streekkantoor in Kaapstad;
- 'n verteenwoordiger van die Namevereniging van Suider-Afrika;
- 'n ex officio-verteenwoordiger van die Kantoor van die Premier, verantwoordelik vir interowerheidsbetrekkings; en
- 'n deskundige of deskundiges oor geografiese name, insluitend kartograwe en geograwe.

Die Komitee kan hul werksaamhede slegs begin sodra die nasionale Departement van Kuns en Kultuur die verantwoordelikhede van provinsiale geografiese komitees duidelik omskryf het in regulasies. Hoewel regulasies hiervoor in Maart 2003 gepromulgeer is, is dit steeds nie duidelik wat die wetlike verantwoordelikhede van 'n provinsiale komitee is, aangesien die magte om name toe te ken en te verander, anders as daardie waarvoor plaaslike owerhede verantwoordelik is, by die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie berus.

### **3.6.2 Ander geleenthede**

Hoewel die Kultuurkommissie dit nie as sy primêre verantwoordelikheid beskou om voor te skryf watter kuns- en kultuurprojekte aangebied behoort te word nie, vereis sekere

projekte logistieke ingryping en ondersteuning wanneer die Minister so 'n versoek rig. Dit sluit onder meer die fasilitering van die herdenking van spesifieke geleenthede in, soos Nasionale Vryheidsdag.

**(a) Nasionale Vryheidsdag: 27 April 2002**

Die provinsiale Vryheidsdagvierings is by die D'Almeida Stadium in Mosselbaai gehou, met die destydse Premier van die Wes-Kaap as gasspreker. Hierdie geleentheid het goeie mediadekking gekry in "Die Burger", nuusdekking deur die SABC en ander radiostasies en is deur sowat 2 500 mense bygewoon. Aktiwiteite het tradisionele Xhosa-danse, trompoppie-vertonings, rubbersteweldanse en kooruitvoerings ingesluit.

Die nasionale Departement van Kuns en Kultuur het R100 000 aan elke provinsie beskikbaar gemaak om hierdie feesvierings te fasiliteer. Aangesien dit 'n belangrike geleentheid is wat tot nasiebou bydra, het die Kultuurkommissie die fondse gefasiliteer. Die geleentheid is deur 'n kultuurbeampte van die Departement, Rica le Roux, georganiseer. Sy is deur gemeenskapskultuurwerkers bygestaan.

**(b) Jeugdagvieringe: 16 Junie 2002**

Die provinsiale Jeugdag-vieringe is in die gemeenskapsaal van die Phillipi-Oos Sportkompleks gehou. 7 Lede van die Wes-Kaapse Kabinet het die funksie, waar die room van Kaapstad se uitvoerende kunstenaars opgetree het, bygewoon. Meer as 5 000 mense het hierdie funksie bygewoon.

**(c) Aanklee-sermonie van Sarah Baartman: 4 Augustus 2002**

